

DIE BETROKKENHEID VAN DIE KIND, OUERS EN ONDERWYSERS BY OPVOEDING EN ONDERWYS

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal veral aandag geskenk word aan opvoeding en onderwys, slegs daardie aspekte wat by dié ondersoek ter sake is, en wat dit behels. Daar sal gelet word op die persone wat ten nouste by hierdie eg menslike handeling betrokke is - die kind, die ouers en die onderwysers. Vervolgens sal spesiale aandag gewy word aan die rol wat die man in die onderwys en opvoeding speel.

2.2 OPVOEDING EN ONDERWYS

2.2.1 Opvoeding

2.2.1.1 Die doel van opvoeding

Wyd gesproke kan 'n mens die doel van opvoeding stel as die lei en steun van die kind deur 'n volwassene tot volwassenheid. Die wêreld- en lewensbeskouing van die volwassene wat by die opvoeding betrokke is, sal egter 'n bepaalde inhoud aan die doel van die opvoeding gee. Alhoewel opvoeding 'n universele verskynsel by mense is, is die doel wat deur opvoeding nagestrew word, betreklik partikulier.

Ten spyte van die gemeenskaplikheid wat in alle opvoedkundige rigtings aangetref word, verskil die doel van die opvoeding in 'n mindere of meerdere mate van volk tot volk, van tyd tot tyd selfs van individu tot individu (Gunter, 1961, p. 11).

Die Afrikaners as 'n volk met 'n geskiedkundige agtergrond, deurvleg en onlosmaaklik gebind aan ons Skepper, word gereken as 'n Christelike volk en juis hierom het ons opvoeding 'n Christelike doel. Ons doeleindes moet daarom " ... gefundeerd wees op 'n heldere lewens- en wêreldbeskouing; moet georganiseer wees in 'n heldere en vasstaande einddoel, en verwyderde en onmiddellike doeleindes; moet

ten opsigte van die verwyderde en onmiddellike doeleindes n mate van rekbaarheid en tentatiewiteit besit ten einde tred te hou met die eise van die veranderende omstandighede en kennis" (Preller, 1971, p. 105).

"Die doel van die opvoeding kan saamgevat word in die een woord LIEFDE: liefde tot God en die naaste" (Gunter, 1961, p. 333). Die liefde in n mens se lewe beteken n vaste, standhoudende en positiewe gesindheid teenoor andere en God. Die kind moet dus deur die opvoeder gelei en gehelp word tot n positiewe verhouding tot God, sy naaste en die wêreld. Dit beteken n lewe van diens aan God en medemens in die wêreld. Die mens is geskape as n beelddraer van God, iemand in hierdie beeld moet groei en ontwikkel en hiervoor het die kind die hulp van sy ouers en ander volwassenes nodig om hom só te lei dat hy hierdie beeld waardig sal wees.

Hierdie opvoeding is moontlik, want die kind is deur God toegerus met gawes wat hom in staat stel om opgevoed te word. Hy besit verstand, kan redeneer en dink, kan voel en belewe en kan strewe en heers (Schutte, 1971, p. 96). Die kind wat toebedeel is met verstand, die vermoë het om te dink; kennis te verwerf; wetenskap te vorm en toe te pas, moet so gelei en gehelp word dat hy voortreflike diens kan lewer, volgens God se bevel oor die natuur kan heers en natuur tot kultuur kan omvorm (Preller, 1971, p. 109). Waterink (1951, p. 114) definieer die doel van die opvoeding: "... als de vorming van de mens tot zelfstandige, God naar Zijn Woord dienende persoonlijkheid, geschikt en bereid al de gaven, die hij van God ontving, te besteden tot Gods eer en tot heil van het schepsel, in alle levensverbanden, waarin God hom plaatst". Uit voorgaande blyk dit baie duidelik dat die taak van die opvoeder geen geringe is nie.

2.2.1.2 Opvoeding tuis

Die huisgesin is n goddelike instelling waar die kind aan sy ouers toevertrou is om in sy diens opgevoed te word. Die ouers het n verantwoordelikheid wat hulle nie mag ontduik nie. Die huisgesin is dus die primêre opvoedingsentrum (Gunter, 1961, p. 435). In die gesin waar daar bloedverwantskap bestaan, kry ons n natuurlike gemeenskap waar dit die plig en die reg van die ouers is om op te voed (Oosterbaan, 1964, p. 136).

Dit is hier waar die kind in sy vroeë lewensjare, dié belangrikste jare van sy lewe, die wese van die gemeenskap leer ken. Hier maak hy kennis met die lief en

leed van die lewe; die band van liefde tussen huisgenote; die onderlinge verpligtinge teenoor mekaar. Hier leer hy gedurende sy vormingsjare die deugde van saamwerk en saamlewe, hulpvaardigheid, diens en gehoorsaamheid. Maar veral leer hy dat mense mekaar nodig het - die een kan nie sonder die ander klaarkom nie (Gunter, 1961, p. 436). Deur die gesin kom die kind ook in aanraking met ander gemeenskappe waaraan die gesin deel het, byvoorbeeld die taalgemeenskap, die buurt, die kerk, die staat, ens. Die gesin is en bly egter as eerste lewensgemeenskap primêr verantwoordelik vir die opvoeding van die kind (Oosterbaan, 1964, p. 38).

Wat die kind van sy vader en moeder leer, is van blywende waarde en is waarskynlik belangriker as enige iets wat hy op skool of elders leer. Dit is hier waar veral die vaste grondslae van die sedelike en godsdienstige opvoeding gelê word (Gunter, 1961, p. 436). Die moeder is meestal die sentrale figuur, want die vader is die broodwinner. Hoeveel oorleg die moeder ookal met die vader pleeg, sy is die persoon wat die besluite ten uitvoer bring. Onder hierdie omstandighede begin die seun hom aan die persoonlike bande van die moeder onttrek, omdat hy 'n manlike rol wil speel en lugkastele bou oor sy toekomstige prestasies as man (Oosterbaan, 1964, p. 40).

Die gesin is steeds die magtigste faktor in die kind se opvoeding. Die geborgenheid wat hy hier ondervind en die liefde waarmee hy hier aanvaar word, leer hom reeds die vreemde wêreld van die volwassene ken en ontdek en kom hy agter dat daar struktuur en orde in is (Pistorius, 1971, p. 60).

As beeld- en gesagsdraer moet die opvoeder helder en duidelik verstaanbaar wees vir die opvoeding. Die vader en moeder is die eerste gesagsdraers waarmee die kind in aanraking kom en die verhouding tussen hulle is tot 'n hoë mate verantwoordelik vir die geluk wat in die huisgesin heers. Daar moet 'n gesonde ewig wees tussen die rol van die vader en die moeder. Die moeder het van nature die vermoë om lief te hê, te versorg, te troetel; sy ken en begryp die behoeftes van die kind op 'n besondere wyse. Hierteenoor is die vader die natuurlike beskermers van moeder en kind wat dan ook toesien dat in hul behoeftes voorsien word. Verder roep hy ook tot orde, hy is regverdig en objektief - hy is die natuurlike hoof van die gesin (Oosterbaan, 1964, p. 59-61). Kinders het behoefte aan 'n gesonde gelukkige huislike lewe waar hulle kennis maak met dit wat die volwassenes as waardevol beskou. Hy leer norme en gewoontes wat later sy keuses sal lei en vergemaklik, omdat hy onbewustelik gehoorsaam is aan die norme en waardes wat hy in die huisgesin leer ken het (Pistorius, 1971, p. 60). In so 'n harmonieuse gesin

sal die man- en die vroubeeld 'n ideale beeld vir die kinders wees waarvolgens hulle hulle lewe blywend kan rig.

Sonder opvoeding is die bestaan, voortbestaan en ontwikkeling van die gemeenskap onmoontlik, omdat die nuwe geslag sonder die sosiale besit gebore word en hulle noodwendig daartoe opgevoed moet word (Coetzee, 1930, p. 18). Die gesin is so 'n onvervangbare opvoedingsmilieu dat dit deur die eeue heen nog nie vervang kon word nie. Daar is al baie gedoen vir kinders wat uit gebroke huise kom, maar tot dusver is daar nog niks gevind wat die ouerhuis kan vervang nie. Die grondslag van die kind se opvoeding wat in die eerste lewensjare deur die gesin gelê word, is so blywend en so basies dat dit nooit weer geheel uitgewis kan word nie (Pistorius, 1971, p. 60).

2.2.1.3 Opvoeding in die skool

Alhoewel die belangrikste taak van skoolonderwys die vermeerdering van kennis, vaardigheid en ervaring is, moet dit ook die geleentheid bied vir die verskaffing en veredeling van lewensideale (Coetzee, 1930, p. 57). Daar is geen sprake van onderwys sonder opvoeding nie, net so min as wat daar opvoeding sonder onderwys kan wees.

Die georganiseerde onderwys het as aanvullende hulp gekom, omdat dit aanvanklik op die gebied van die kennisterrein die nodigste was. Toenemend het die ouer minder opgewasse geword vir die taak van die opvoeding en dit waarvoor hy nie kans sien nie word langamerhand aan die skool oorgedra (Van Zyl, 1973, p. 332). Die opvoedende taak van die skool is dus om die kind te help met die voorbereiding vir sy sosiale bestemming deur die beste geleenthede te skep om in te groei in die kultuur van die samelewing (Oosterbaan, 1964, p. 40).

Die skool verskaf beter geleenthede vir diesosialisering van die kind, want hy bevind hom tussen baie van sy maats en ander vreemde kinders. Dit bied die geleentheid vir samewerking, eenheid van handeling en gehoorsaamheid en hiervoor is gesag nodig. Hier kom die kind meer dikwels in aanraking met gesagshandhawing wat van die allergrootste belang is vir die vorming en wording van die kind (Coetzee, 1930, p. 56). Die skool en die gesin kan mekaar nooit vervang nie. Die een het egter die ander nodig en hulle moet saamwerk om die kind op te voed en te onderwys. Die gesin lê die grondslag vir die gevoel van waardes en die skool moet voortbou deur die gevoel van waardes met die opdoen van kennis

te verdiep (Oosterbaan, 1964, p. 41).

Vir die skool bly dit 'n uitdaging om die hedendaagse kind op te voed en te onderwys. Dit moet eensyds meer van die opvoedingstaak van die ouers oorneem en andersyds word dit meer onder druk geplaas deur die maatskappy wat toenemend geskikte werknemers vra (Oosterbaan, 1964, p. 42).

2.2.2 Onderwys

2.2.2.1 Die doel van die onderwys

As opvoedingsgemeenskap het die skool 'n beperkte en spesifieke doel. Beperk omdat dit nie die hele duur en omvang van die opvoeding behels nie. Die belangrikste en opvallendste doel is die intellektuele vorming van die kind (Oosterbaan, 1961, p. 40). Die skool is 'n instelling wat uitsluitlik ingestel is met die doel om veral dié deel van die opvoedingstaak te behartig wat die ouer nie meer kan nie, nl. die onderwys. Dit behels onder andere die oordra van kennis, vaardigheid en ervaring. Hierdie kennis, vaardigheid en ervaring wat die kind in die skool opdoen, gee aan hom selfvertroue, moed en krag vir sy optrede in die vreemde wêreld van die volwassene (Coetzee, 1930, p. 52-55).

2.2.2.2 Onderwys in die gesinsituasie

In hierdie verband moet daarop gewys word dat die gesin die eerste maatskaplike situasie is waarin die kind hom bevind en vir baie jare lid daarvan bly. In die gesin is daar geen sprake van intensionele opvoeding en onderwys nie. Die belangrikste vorming wat die kind hier ondergaan is funksioneel waar die opvoeder se voorbeeld oortuigender spreek as woorde (Pistorius, 1971, p. 59).

In die gesinsituasie is die onderwys gewoonlik individueel en dit verloop spontaan as die geleentheid hom voordoen. Die onderwys in die gesin is hoofsaaklik toegespits op gewoontevorming, soos byvoorbeeld die aanleer van die basiese reëls vir sindelikeit. Algaande leer die kind in die ouerhuis ook sekere basiese vaardighede aan en doen kennis op aangaande dié dinge waarmee hy in die ouerhuis gekonfronteer word. "Die natuurlike groei, die wording van die kind en die basiese onderwys en opvoeding deur die ouers, vorm die grondslag vir die latere skoolse onderwys" (Pretorius, 1976, p. 10). Deur middel van spel word die kind groot in die kultuur van die volwassene wat raad gee, verbied, aanmoedig en waarsku

na gelang van omstandighede. Daar kom weldra 'n oorgangstadium wanneer die taak van die onderwys begin, nl. " ... inleiden en inwiden van die opgroeiende generasie in die geestelike kultuur, d.i. in die godsdienstige en metafysische opvattingen van die samelewing waartoe zij behoort" (Nieuwenhuis, 1968, p. 90).

Die voorbereiding van die kind vir die moderne, snel veranderende samelewing, stel besondere eise aan die opvoeding en onderwys. Feitlik daagliks kom die opvoedende onderwys te staan voor nuwe probleme waarvoor 'n oplossing gevind moet word. Die ouer is en bly steeds die oorspronklike en primêre opvoeder, maar met die geweldige uitbreiding en ontwikkeling van die beskawing en die uitbouing van kultuur op geestelike, intellektuele en materiële gebied kan die ouer nie bybly nie. In so 'n komplekse samelewing beskik die ouer nie oor die gespesialiseerde kennis of tyd of middele om al die nodige kennis vir die kind te ontsluit nie. Om dié rede dra die ouer 'n deel van sy verantwoordelikheid ten opsigte van sy kind se onderwys aan die skool oor, sodat die onderwyser as aanvullende ouer optree (Nieuwenhuis, 1968, p. 89-102; Pretorius, 1976, p. 10).

2.2.2.3 Onderwys in die skoolsituasie

Skooltoetrede is 'n belangrike aspek van die kind se opvoeding. Hy word nou die geleentheid gebied om die werklikheid wat, tot nog toe aan hom onbekend, formeel en sistematies te leer ken. Op die manier skep die onderwyser 'n skools-didaktiese situasie waar hy die kind ontmoet met die doel om oor bepaalde lewensinhoudes en leerstof die gesprek te voer, met die oog daarop dat die kind hierdie inhoudes sal leer ken en deur sy beheersing daarvan ook tot 'n meerdere beheersing van die wêreld daarbuite sal kom (Van der Stoep en van der Stoep, 1968, p. 26).

Die onderrighulp moet van so 'n aard wees dat die leerling dit kan verwerk, begryp en beheer, sodat sy greep op die lewe kan verstewig. Onderwys is daardie werksaamheid waardeur die kind gehelp word om te ken wat hy voorheen nie geken het nie en om te doen wat hy voorheen nie kon doen nie. Dit is dus toegespits op die verwerwing van kennis, die aankweek van vaardig- en kundighede en die ontwikkeling van sy vermoë tot selfstandige denke. Onderwys is dus 'n onmisbare middel tot opvoeding (Gunter, 1961, p. 15).

Die dinge waarmee die leerlinge binne en buite die klaskamer kennis maak "...moet vir hom lewe en betekenis hê, moet tot hom spreek, vir hom 'n boodskap hê, sy verbeelding aangryp en sy hart raak sodat hy as 'n totaliteit daardeur beetgepak en

geïnspireer sal word en daar op dié wyse 'n beslissende invloed op sy lewe sal uitgeoefen word" (Gunter, 1961, p. 349).

Niemand kan en sal ontken dat kennis 'n onmisbare aspek van die opgevoede persoon vorm nie. Daar moet egter gewaak word teen die oorbeklemtone van kennis en verstand, maar tog moet dit ook nie onderskat word nie, want dit is 'n unieke gawe van God aan die mens. Geen ander aardse wese is dermate deur die Skepper begiftig met rede en verstand nie. Die verwerwing en aanwending van kennis is belangrik en ware kennis is alleen dié kennis wat aktief deur die kind verwerf, aangeleer en ontwikkel word deur sy eie inisiatief (Coetzee, 1960, p. 93-94). Dit is om hierdie rede dat die ware opvoeder soveel klem op denke lê, want die bes gevormde verstand is immers die verstand wat die relasies in die lewe kan vat en wat al sy inferensies uit sy kennis toets in die lig van lewenservaring (Coetzee, 1960, p. 94). Kennis moet ook lei tot die vrese van die Here en tot roepingsvervulling, tot eie lewensonderhoud, diens aan die naaste en diens aan God. Die mens van God is egter belangriker as die kennis wat hy opdoen. Om die mens van God te vorm is ook kennis van God en Sy gebod, van goed en kwaad nodig en moet hy gelei word tot selfstandige kennisverowering (Preller, 1971, p. 109-110).

Die beste onderwys is daardie onderwys wat leerlinge by herhaling voor 'n uitdaging plaas en hulle laat beseef dat hulle hierop moet antwoord. Gelukkig is daardie skool wat daarin slaag om sy seuns en dogters 'n inspirerende doel of roeping te gee wat hulle tot oorgawe en toewyding noep. So 'n skool gee aan sy leerlinge iets om voor te lewe, 'n ideaal om na te streef: 'n positiewe gesindheid teenoor God as Skepper en Heer en daarin ook teenoor die lewe as 'n gawe en opdrag van Hom om 'n taak te verrig (Gunter, 1961, p. 355-356).

2.2.3 Die verband tussen opvoeding en onderwys

Uit die voorgaande paragrawe kan baie duidelik afgelei word dat opvoeding en onderwys twee begrippe verteenwoordig; dog nou verwant is. Opvoeding wil die natuurlike groei wysig, rig en kanaliseer sodat die kind 'n selfstandige en volwaardige mens sal word wat in ooreenstemming met die eise van die behoortlikheid sal lewe. Onderwys daarenteen is slegs op die een aspek van die mens gerig - die verstand (Gunter, 1961, p. 15).

Die opvoeding is op 'n bepaalde manier die opsetlike, planmatige en doelnastrewende werksaamheid of daad wat die vorming van die kind tot 'n toestand van volwassenheid

wil bring. Daar word klem gelê op die vorming van sedelike en godsdienstige fasette en die uitbouing van die karakter (Coetzee, 1965, p. 69). Niks hiervan sal van veel waarde wees as die kind nie die nodige kennis het om te kan onderskei tussen reg en verkeerd en tussen goed en kwaad nie. Dit is dan die taak van die onderwys om hierdie kennis vir die kind te ontsluit. Die onderwys is in die lig hiervan 'n noodsaaklike voorafgaande fase van opvoeding en onafskeidbaar daaraan verbonde. Die onderwys kan slegs sy maksimum bydrae tot die totale volwassenheid van die kind lewer wanneer dit bewustelik en doelgerig in diens van die opvoeding gestel word. Net so kan beweer word dat 'n sekere mate van opvoeding noodsaaklik is vir doeltreffende onderwys, want die onderwyser maak staat op die pligsbesef van die kind, sy eie inspanning, sy vermoë om te konsentreer en sy vermoë om kragdadig saam te leef met ander kinders ens. Wat meer is: die mens is 'n totaliteitswese en die vorming van sy verstand kan nie geïsoleer van die totale vorming plaasvind nie. Die onderwyser of hy nou daarvan bewus is of nie, is ook opvoeder (Pretorius, 1976, p. 8).

Opvoeding, onderwys, kind en onderwyser is terme wat onlosmaakbaar verweef is. Dit is haas onmoontlik om na die een te verwys sonder om van die ander melding te maak. Die volgende paragrawe handel dus oor die wese van die kind en die onderwyser.

2.2.4 Die kind

Die snelle veranderinge en vooruitgang wat die samelewing sedert 1900 ondergaan het, het ou waardes vernietig sonder om altyd nuwes in hulle plek te stel. Die kind en adolessent van vandag bevind homself in die wêreld van die volwassene waarin waardes nie gevestig is nie, die sedelikheid botsend is en sosiale afkeuring sy mag verloor het. "Sy huis is sonder wortels, sy daaglikse lewe is ooreisend, ooropwindend, oorstimulerend; hy leef in 'n omgewing van volgehoue spanning, prikkels en gejaagdheid. Die volwassenes het die ou wegwysers uitgepluk en die opgroeiende geslag moet self nuwes oprig" (Preller, 1960, p. 7).

Die gemeenskaplike arbeid terwille van blote voortbestaan waardeur die pioniers=tydperk gekenmerk is en wat 'n sterk band tussen gesinslede bewerkstellig het, het verdwyn namate die tegniek al hoe meer in die verskillende lewensbehoefes voorsien het. Voortvloeiend hieruit word gesinslede minder afhanklik van mekaar, maar daarteenoor afhankliker van die maatskappy. Namate arbeidsverdeling en industrialisasie die vader 'n groot deel van die dag aan die gesin onttrek, moet

die moeder noodwendig groter seggenskap uitoeven. In baie gevalle werk die vader skofte en sien die kind hom weinig. Wanneer hy by die huis is, is hy moeg en bemoei hom nie veel met die las van hulle opvoeding nie. Die kinders het nou meer vryheid, maar minder leiding as vroeër. Dikwels moet hulle verantwoordelike hede aanvaar voordat hulle begryp wat van hulle verwag word en sonder dat hulle duidelike leiding gekry het (Pistorius, 1971, p. 67-69).

Die moderne ouer vertoon ook 'n toenemende neiging om sy oerlike pligte te ontduik deur sy Godgegewe plig en gesag oor te dra aan kinderbewaarplekke, klinieke, kleuterskole, skole en koshuise (Preller, 1960, p. 9). Hierdie bewaarplekke kan nooit dieselfde betekenis hê as die ouerhuis nie, want die verwagting dat die skool meer as kennis aan die kind sal oordra, word nie altyd bewaarheid nie. "In our concentration on academic performance we lose sight of our main business of educating human personality. We engage ourselves strenuously in the certification of plumbers, but give scant thought to developing men and women of moral character" (Hutchinson & Young, 1962, p. 37).

Die huidige rigtinglose en onbestendige wêreld van die volwassene moet egter nie bloot met weemoed en pessimisme gesien word nie. Dit moet gesien word as 'n deel van die wordingsproses, genoodsaak deur die snelle ontwikkeling en vooruitgang van die beskawing die afgelope aantal dekades. Dat dit egter 'n onvermydelike invloed op die jeugdige sal uitoeven, kan ons nie wegredeneer nie en daarom moet ons ons beywer dat hierdie gemeenskapsverandering 'n fase van betreklike rus en konsolidasie moet binnetree (Preller, 1960, p. 8).

2.2.4.1 Die opvoedbaarheid van die kind

Die kind is by geboorte afhanklik, hulpeloos, onvolwasse, onvolmaak en sy bestemming is volwassenheid, selfstandigheid, toegerustheid vir alle goeie werke, sodat hy as mens God sal dien en vrees en Hom verheerlik (Van den Berg, 1973, p. 1). Om hiertoe te kom kan die moontlikhede waarmee die Skepper die kind toegerus het nie op natuurlike wyse tot werklikhede ontwikkel nie. So sal hy byvoorbeeld, nie regop loop en leer praat as hy nie in 'n menslike milieu opgroei nie. Hy word ook toegerus met die moontlikheid van 'n gewetensfunksie en sal in staat wees om te besef dat daar goed en kwaad is, maar om te onderskei tussen goed en kwaad, is slegs moontlik wanneer sy opvoeders hom daartoe gelei het. Die kind is opvoedbaar en die opvoeder moet hom hierop instel. Daar moet altyd onthou word dat die kind nie verantwoordelik is vir sy aanleg en moontlikhede nie want "...aan die een gee

Hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë ..." (Matthéüs 25: 16). Afgesien van die feit dat daar groot ooreenkomste tussen kinders is, juis omdat hulle kinders is, is daar onbetwisbare groot onderlinge verskille tussen hulle, omdat God nie alle mense eenders en volgens 'n algemene patroon geskape het nie. God skep nie algemene mensheid nie, maar wel individue (Gunter, 1964, p. 381). Hy skep elke mens as afsonderlike individu, eenmalig, onherhaalbaar, uniek.

In hierdie onbetwisbare waarheid lê daar grootse uitdaging vir elke onderwyser opgesluit. Dit gebeur so maklik dat alle kinders oor dieselfde kam geskeer word, terwyl die gevolge hiervan onberekende skade aan die opvoeding en onderwys van die kind kan doen. Hoë eise word dus aan die onderwyser gestel. Hy sal 'n deeglike studie van die ervaring van opvoeders voor hom moet maak, maar moet in gedagte hou dat "... een open visie op die toekomst en een eerlijk beeld van het verleden, vormen de beste voorwaarden voor de opvoeding van nu" (Oosterbaan, 1964, p. 3).

By kinders kom daar ook bepaalde gemeenskaplike eienskappe voor. Byvoorbeeld, die behoefte aan geborgenheid, ontvanklikheid vir opvoeding, die behoefte om vriende te maak, die drang om die nog onbekende wêreld om hom te ondersoek en te beproef ens. Dit is juis hierdie gemeenskaplikheid wat dit moontlik maak om kinders groepsgevoel op te voed en te onderwys (Pretorius, 1976, p. 24). Dit is die taak van elke onderwyser om die kind sy ewewig as individu te laat vind in die sosialiteit waarin hy hom bevind, hom sal steun sodat hy tot volwassenheid sal kan groei met 'n eie gewete en dat dié opvoeding uiteindelik in selfopvoeding sal oorgaan (Oosterbaan, 1964, p. 17).

Die doel van opvoeding is volwassenheid; tog is dit nie die onmiddellike doel van die kinderlewe nie. "Het kind moet vrij zijn kind te zijn, opdat het volwassen kan worden" (Oosterbaan, 1964, p. 34). Wanneer daar gesê word: laat die kind toe om kind te wees, kom dit as 'n waarskuwing teen oorhaastigheid en oorbelading van die leerling om gouer volwassenheid te bereik (kyk paragraaf 2.2.4.1 hiervoor). Die kind moet in die kinderwêreld verwees en het die volwassene nodig om behoorlik kind te kan wees. Sonder die geborgenheid wat die volwassenheid bied, die veilige ruimte waarin hy die kind toelaat om te eksperimenteer, waarin hy beurtelings toesig hou en afwesig is om die kind die geleentheid te bied om selfstandig te handel, kan die kind sy horison nie verruim nie en kan volwassenheid nie gedy nie. Die kind is verantwoordelik binne die grense wat die opvoeder aan hom stel, maar hy moet nog leer om hierdie verantwoordelikheid te dra. Daarom neem die opvoeder

soms die verantwoordelikheid oor om dit dan weer geleidelik in die hand van die kind terug te plaas. Namate die kind toeneem in wysheid, die versameling van kennis, vaardighede verwerf en hy bevoeg is om die verworwe kennis en vaardighede te verwerk en sy groter verantwoordelikheid te aanvaar, word hierdie ruimte se grense verder geskuif sodat sy vryheid toeneem op pad na volwassenheid (Van Zyl, 1973, p. 200; Oosterbaan, 1964, p. 34; Pistorius, 1971, p. 24-25). Sou die kind direk alle verantwoordelikheid moet aanvaar, dan sal die kind geen kind meer wees nie, opvoeding is dan nie nodig nie, bowendien onmoontlik, want die kind as kind bestaan dan nie meer nie.

Hoe die kind op die opvoeding reageer en of hy gestalte daaraan sal gee, val buite die direkte mag van die opvoeder. Die kind is nie n leë blik wat volgegooi word nie. "Inteendeel, hy gaan oop en toe, hy aanvaar van die een, maar verwerp van die ander. Hy stel hom onder die opvoeder en aanvaar sy gesag, of hy verwerp dit" (Schutte, 1971, p. 97).

2.2.4.2 Volwassewording en volwassenheid

Die feit dat die mens n groeiende, ontwikkelende, wordende wese is, is van wesenlike belang in die opvoeding en onderwys. Die wordende mens het behoefte aan, en wat meer is, hy is vatbaar vir opvoeding (Schutte, 1971, p. 97). Die groei, ontwikkeling en wording van die mens(kind) is n langsame maar aaneenlopende gebeure. Alhoewel daar tóg verskillende fases of periodes in die lewe van die opvoeding onderskei kan word, kan geen duidelike grense van bepaalde fases van groei en ontwikkeling aangedui word nie. So kan die grense van die adolessensie byvoorbeeld, nie duidelik onderskei word nie (Coetzee, 1965, p. 225). So is dit ook nie moontlik om te sê op watter ouderdom iemand die stadium van volwassenheid bereik nie.

Die jong, amper volwassene, wil nie langer afhanklik wees van ander se oordeel nie, hy wil onafhanklik self kies en self beslissing gee. Hy ontbreek egter nog ervaring en daarom moet hy dikwels noodgedwonge rugsteun op die ervaring van andere. Die individu kan egter nie altyd die ervaring van andere deel nie, daarom het elkeen sy eie waardes en norme waarvolgens hy sy optrede en sy ganse lewe rig (Oosterbaan, 1964, p. 103-105). Langeveld (1952, p. 72) maak in die verband die volgende belangrike stelling: "De overgang naar die volwassenheid word reeds lang tevoren merkbaar in de zelfstandige keuze van motieven, waaraan de opvoeding zichzelf vormen wil; naarmate daarin meer aan het oordeel van de opvoeding overgelaten kan

worden, gaat de zelfvorming in die plaats treden van een - al is het ook nog so aktief - deelnemen aan die opvoedingsproses".

"Die einddoel van opvoeding word as volwassenheid aangegee, dit wil sê die bereiking van volle moontlike wasdom" (Pistorius, 1971, p. 27). Die mens is egter n gekompliseerde liggaam-gees totaliteit en juis om die rede is die begrip volwassenheid nie so eenvoudig as wat dit wil voorkom nie. "Allereerst blijkt dat die begrip volwassenheid vele facetten heeft. Men is in vele opzichten al of niet volwassen" (Roscam Abbing, 1968, p. 7). Die mees algemene fasette van volwassenheid is die volgende: liggaamlik-, verstandelik-, sosiaal-, sedelik- en religieuse volwassenheid, terwyl ander opvoedkundiges nog meer gedifferensieerd en uit die aard meer gedetailleerd daarop ingaan (Roscam Abbing, 1968, p. 7).

Volwassenheid word ook nie eensklaps by die mens bereik nie. Dit is eerder n fase wat die opvoeding geleidelik bereik deur groei, leer, ontwikkeling en oefening en wat daardeur gekenmerk word dat hy ten opsigte van die vele situasies in die menslike lewe, eie standpunt inneem en selfstandig optree. Volwassenheid by die mens word bereik wanneer die individu sonder hulp van ander mense op eie verantwoordelikheid en met die oortuiging dat sy handeling reg is, optree.

Wanneer die mens opgehou het om kind te wees, volwasse geword het, alleen alle verantwoordelikheid aanvaar vir enige keuse wat hy doen, word hy as individu deur die gemeenskap van volwassenes opgeneem en moet hy aan die besondere eise wat hulle aan hom stel, voldoen om aanvaar te word. Die gemeenskap moet op die enkeling kan vertrou, verwag van hom om sedelik verantwoordbare besluite te neem en om daaraan uitvoering te gee. Nie net omdat die gemeenskap dit van hom verwag nie, maar omdat hy diep in homself oortuig is dat hierdie gedragspatroon reg is (Oosterbaan, 1964, p. 15-16).

Dit is uit hierdie en die voorgaande paragrawe duidelik dat die kind hom tans in sy op-weg-wees na volwassenheid in n uiters komplekse milieu bevind. Hy besef dat sonder die leiding en steungewing van die volwassene dit vir hom n onbegonne taak sal wees om volwassenheid te bereik en is hy gewillig om aktief deel te hê aan die opvoedingshandeling, sodat hy eventueel as volwassene sal kan leef in die natuur, met sy medemens, met God en met homself (Van der Walt, 1976, p. 1).

2.2.5 Die aandeel van die onderwyser in opvoeding en onderwys

2.2.5.1 Die roeping van die mens

Die woord roeping vind 'n besondere weerklank in die Calvinistiese oor en daar gaan 'n bepaalde appél daarvan uit. "Ons wil graag weet dat ons geroepe is tot 'n sekere taak, tot 'n besondere diens, tot 'n verhewe bestemming (Duvenhage, I.B.C. Studiestuk nr. 59, p. 1). In roeping lê die wil van God wat gehoorsaamheid vra en innerlike instemming daarmee. Ons aanvaar dat God alles beskik en daarom is dit ons roeping om te doen wat God van ons verwag. As skepsel van God is die mens beelddraer van God en het Hy met elke mens wat Hy geskape het 'n besondere doel hier op aarde (Duvenhage, I.B.C. Studiestuk nr. 59, p. 1-7).

Die voormalige Eerste Minister, Sy Edele B. J. Vorster, het aan die volk 'n leuse gegee "Vervul jou roeping". Roeping wys heen op ons band met God, op ons verantwoordelikhede, rig ons op die praktyk van ons situasie en stel ons op ons hoede om nie in selfgenoegsaamheid en selfbehaging te vervall nie, maar om te staan in die diensmotief. As die mens hierop wil antwoord, moet hy weet wat sy roeping is. Roeping kan gesien word as diens aan God, onderwerping aan God in die handhawing van Sy wet op alle lewensterreine en die uitbouing van sy koninkryk (De Klerk, I.B.C. Studiestuk nr. 15, p. 1-2).

God se roep na die mens is altyd vertikaal van bo na onder, Sy roep is universeel, finaal, volmaak en dringend. Hierteenoor is die mens se roep tot God altyd vertikaal van onder na bo, maar die mens se roep is onvolmaak, deur die sonde verduister, veranderlik en beperk. Die universele roep van God bring die hele lewe van die mens onder die beslag van die eis van God. Wat meer is: op die roepstem van God is die mens verplig om te antwoord met diens aan God en sy naaste. Hierdie diens wat die mens aan God verskuldig is, kan in twee belangrike afdelings onderskei word: godsdiens deur onderhouding van die erediens, die sakramente en die gebed; kultuurvorming, wat alles waarop die mens sy hand, hart en verstand lê, insluit (Potgieter, 1977, p. 15-17). In die eerste instansie rig die mens hom persoonlik tot God om Hom te eer, te loof en te dank en Hom om genade, bystand en verlossing te smeek. In die tweede instansie wend die mens hom tot sy naaste en die wêreld om daarin al sy verbonde Godwelbehaaglike diens te lewer (Stoker, 1967, p. 44, p. 65).

Roeping is om mens te wees en mens te word volgens God se plan. Deur gehoorsaam aan dié roeping te wees word menswees nie belemmer, versper, of vereng nie, maar

juis voller, ryker, inniger en grootser. "Roeping is om met God se beginsels oral orde in die chaos te bring; oral te probeer heelmaak wat gebroke is; en die uiteindelijke heelwording van alle dinge in Christus te verwag en te verkondig" (De Klerk, I.B.C. Studiestuk nr. 15, p. 5).

2.2.5.2 Beroep

Deur sy beroep kan die mens 'n bepaalde taak verrig, terwyl binne die beroep verskillende onderliggende take onderskei kan word. 'n Beroep is 'n bepaalde georganiseerde werk of betrekking wat 'n individu volgens bepaalde ooreenkomste verrig, waarvoor hy opgelei is en waardeur hy 'n lewensbestaan verdien.

Met die geweldige ontwikkeling op byna alle terreine van die samelewing, veral vanaf die nywerheidsomwenteling in die agtiende eeu, het die aantal verskillende beroepe met rasse skrede toegeneem waarvoor gespesialiseerde werkers opgelei moet word (Le Roux, 1973, p. 34). Die oorbeklemtoning van die arbeid om die arbeid, die verheerliking van die arbeider en die voordele wat die mens daaruit kan put, het tot die vermaterialisering en verwereldliking van die arbeid gelei. So waardevol het Marx die arbeid en die arbeider beskou dat hy dit tot universele mag in die lewe van die mens en die staat verhef het (Potgieter, 1972, p. 24).

Vir die Calvinis is elke beroep 'n roeping wanneer God daarin gedien kan word. Nie net die predikant, maar ook die politikus, die bakker, die boer en die onderwyser staan in 'n roeping. By die keuse van 'n beroep is daar heelwat faktore wat oorweging verdien, maar die moontlike verdienste mag nie van deurslaggewende belang geag word nie, omdat die diensmotief en nie die winsmotief nie, die deurslaggewende moet wees. Tog moet die gekose beroep in die behoeftes van die mens voorsien en hom in staat stel om ook sy ander roepinge te vervul (De Klerk, Duvenage & Van Wyk, 1972, p. 362-363).

In die beroepslewe moet al die verskillende aspekte van die beroep in harmonie tot 'n eenheid gebring word. Dit moet genormeer word deur ware vryheid en verantwoordelikheid sodat beheersing, bewaking en bewerking tot sy reg kom, en ons dit in diens van die koninkryk van God stel (De Klerk, I.B.C. Studiestuk nr. 15, p. 6).

2.2.5.3 Professie, en veral die onderwysprofessie

Om 'n antwoord te verskaf op die vraag wat 'n professie is, is 'n moeilike taak. Die

meeste navorsers het van 'n definisie afgesien en eerder probeer om die essensiële eienskappe van 'n professie op te som en te beskryf. Potgieter noem (*Onderwysblad*, 1968, p. 279-280) die volgende kenmerke van 'n professie:

- 1) Die diens moet uniek, definitief en noodsaaklik wees. Hierdie eienskap hou drie voorwaardes in, naamlik dit moet enig in sy soort wees en duidelik onderskeidbaar wees van alle ander beroepe; dit moet 'n groep individue wees wat 'n definitiewe, besondere en belangrike funksie vervul; dit moet 'n noodsaaklike diens wees - so noodsaaklik dat elke landsburger dit behoef.
- 2) In uitvoering van hierdie diens is intellektuele tegnieke en ook besondere intellektuele vermoëns 'n noodsaaklikheid. Die verstand ontvang dus hier besondere beklemtoning.
- 3) 'n Lang tydperk van gespesialiseerde opleiding word van lede wat tot die professie wil toetree vereis. Hierdie intensiewe, gespesialiseerde opleiding kan slegs op spesiale plekke deur gespesialiseerde personeel onderneem word.
- 4) Die individu in die professie, sowel as die groep, moet redelik outonoom wees. Omdat die aard van die werk so gespesialiseerd is, mag daar nie deur leke op die terrein ingemeng word nie. Die individu en die groep moet selfregerend en selfbepalend wees en moet vryheid van optrede geniet.
- 5) Elke lid van die professie aanvaar breë persoonlike verantwoordelikheid vir oordele en dade binne die omvang van sy outonomie. Daardie onderwyser wat die kind deur sy persoonlike optrede verwar, sy gees of sy moraal ondermyn, dra direkte verantwoordelikheid daarvoor en kan nie iemand anders vir sy optrede blaam nie.
- 6) Die klem moet val op diens wat gelewer word en nie op die ekonomiese gewin wat deur middel van die diens bekom word nie. Die diensmotief moet die primêre faktor wees en die beloning bysaak, maar laasgenoemde moet tog van so 'n aard wees dat dit in die behoeftes van die mens voorsien en hom in staat stel om ook sy ander roepinge te vervul.
- 7) Die beroep moet komprehensief georganiseerd wees. Omdat die diens hoogs

tegnies en gespesialiseerd is, moet die professie self bepaal wie tot die professie mag toetree en ook self as beskermmer van die professie optree deur ongewenste uit die geleedere te verwyder.

8) 'n Etiese kode moet vir die beroep geld. Die kode skryf voor hoe 'n persoon hom in die besondere professie moet gedra en wat in die algemeen van hom verwag word. As die kode nie nagekom word nie, kan die groep die oortreder uitwerp.

Stinnett (1962, p. 9) noem die volgende kenmerke van 'n professie:

- 1) "A profession involves activities essentially intellectual.
- 2) "A profession commands a body of specialized knowledge.
- 3) "A profession requires extended professional preparation.
- 4) "A profession demands continuous in-service growth.
- 5) "A profession affords a life career and permanent membership.
- 6) "A profession sets up its own standards.
- 7) "A profession exalts service above personal gain.
- 8) "A profession has a strong, closely knit, professional organization".

2.2.5.3.1 Leentes in die onderwys as professie

'n Aktuele vraag wat dikwels na vore kom en wat ten nouste saamhang met die status van die onderwysberoep in die algemeen en derhalwe ook met die status van die onderwyser in die besonder, is: kan die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika tans as 'n professie beskou word?

Van der Stoep (1976, p. 3) wys daarop dat aan die volgende ernstige aandag geskenk moet word ten einde die onderwys te laat voldoen aan die eise gestel vir 'n professie:

- 1) "Die onderwyskorps sal sy bydrae moet lewer tot navorsing.

- 2) "n Grondige ondersoek moet ingestel word na kurrikulums.
- 3) "Bepaalde eise sal aan die opleiding van onderwysers gestel moet word.
- 4) "Die toekomstige onderwyser sal bewys moet lewer van sy kundigheid.
- 5) "Daar sal groter spesialisasie moet kom".

In dieselfde verband betoog Viljoen (1976, p. 3) dat die professionele status van die onderwyser nie tot sy reg sal kom deur salarisverhogings of die instel van profssionele rade nie. Dit sal slegs tot sy reg kom as hoë intellektuele eise tydens die opleiding van onderwysers gestel word. Hy wys verder daarop dat die huidige gelykshakeling van sekere diploma- en graadkursusopleiding vir salaris=doeleindes, n ontkenning daarvan is dat hoër gehalte erkenning verdien. Hy pleit verder daarvoor dat die behoorlik opgeleide onderwyser, nadat die nodige ervaring opgedoen is, soos iemand behandel moet word wat werklik op eie verantwoordelikheid sy taak verrig - iets wat in alle ander professies vereis word. Indien die onderwyser nie hierdie vertroue geniet nie, maar nog omslagtige verslaggewing, gedetailleerde voorskrifte en indwing in gestandaardiseerde keurslywe wat van bo af bepaal word moet nakom, is hy eenvoudig nie n professionele persoon nie en kan professionele status nie aan hom aangeplak word nie.

Van der Stoep (1976, p. 3) wys voorts op die volgende leemtes wat tans die onderwys as professie skade berokken en wat onmiddellik aandag verg:

- 1) "Die onderwys sal moet ophou funksioneer soos n staatsdepartement.
- 2) "Bestuur per dekreet maak nie voorsiening vir onderwysinisiatief nie en verg indringende ondersoek.
- 3) "Die hele beginsel van inspeksie sal van die grond af ondersoek moet word om sy wesenlike doel en funksie te bepaal.
- 4) "Bevorderingskriteria sal uitgewerk en nagevors moet word.
- 5) "Die adviserende krag van die professie by opleiding van onderwysers sal nader getrek moet word en n heroriëntering van alle belanghebbendes op hierdie vlak is dringend noodsaaklik".

Verdere leemtes word deur skoolmeester in *Die Huiagenoot* (1972, p. 83) aangedui.

- 1) Die onderwys het self bloedinseggenskap oor wie tot sy gelede toetree.
- 2) Die onderwys het weinig regstreekse seggenskap oor opleidings- en kwalifikasievereistes van aspirantlede wat tot die beroep toetree.
- 3) Die onderwys het geen uitspraak oor tugtiging of skorsing van lede wat hulle skuldig gemaak het aan professionele wangedrag nie.
- 4) Die onderwys is nie outonoom nie, omdat enige een hom die reg aanmatig om vir die onderwyser voor te skryf.
- 5) Die beroep het geen regstreekse seggenskap in die bepaling van watter beloning sy lede vir hulle professionele dienste sal ontvang nie en hom moet wend tot vernederende vertoë, protes en agitatie.

Dan is daar ook daardie toestande wat in die onderwys heers en juis omdat dit daar is, afbreuk doen aan die professie. Van der Stoep (1976, p. 3) laat hom as volg hieroor uit. Die organisasie van skoolbasaars, die verkoop van koeksisters, die afrigting van skoolspanne en die oppas van kinders by die skool se swembad nie tot die professionele bevoegdheid of kwalifikasies van die onderwyser tuis hoort nie, tensy hy as deskundige hiervoor gehuur word. Hy beweer verder dat al hierdie aktiwiteite ekstra-kurikulêr is, soos musiekklassie vir diegene sonder musiektaak en is as sodanig die taak van die ouers. Die onderwyser se taak is om onderwys te gee, d.w.s. om sy onderwyskundighede in alle fasette daarvan sistematies en beplan aan te wend tot die heil van die leerlinge vir wie hy verantwoordelik is.

n Groter waarheid, het iemand in die onderwyskringe, nog nooit kwyt geraak nie, nl. "Die hart van die onderwys is in die klaskamer; nie in die hoof se kantoor, in die inspektoraat of in die hoofkantoor nie" (Viljoen, 1976, p. 3). Viljoen het verder die vraag gestel of die belangrikste bevorderingsmoontlikheid gevind moet word in weg beweeg uit die klaskamer of eerder beter en verhoogde vergoeding vir die top onderwyser wat voor die klas wil staan waar sy produktiwiteit waarskynlik die hoogste is.

Die voorafgaande leemtes toon dat die onderwys nog nie as n volwaardige professie beskou kan word nie. Die staat het te veel seggenskap in die onderwys, terwyl die ouers en onderwysers te min direkte seggenskap het. Dit is duidelik dat die onderwyskorps gesag moet kry oor sy eie lede, sodat onderwysers wat onbevoeg bevind word om die verantwoordelikheid te aanvaar of die etiese kode vir sy profes-

sie verbreek, deur die professie self van sy professionele status ontnem kan word. In hierdie opsig toon die pas ingestelde professionele Onderwysersraad toekomsomtlikhede, hoewel die werkgever blykbaar die onderwysdepartemente sal wees en dit naas die professionele raad nog 'n bepalende seggenskap behou.

Tot tyd en wyl die onderwys 'n volwaardige professie word, stem ons saam met, nou 9 jaar later, Potgieter (1968, p. 282) wat sê: as die onderwys vandag deur minder begaafde mense oorstroom word, dan is dit 'n aanklag teen die staat en sommige provinsiale regerings en NIE 'n aanklag teen die "onderwysprofessie" nie, want die "professie" is nie selfregerend nie. As diensvoorwaardes en salarisse nie goed vergelyk met ander beroepe nie, dan is dit 'n aanklag teen die staat en sal dit 'n aanklag teen die staat bly. As jong, gebore onderwysers met weemoed die onderwys verlaat om elders te gaan werk omdat hulle nie 'n bestaan kan voer as onderwysers nie, dan is dit vroom praatjies om te sê die onderwysers lewer die belangrikste diens. Ons glo nie meer woorde wat nie met daad kan bewys word nie.

2.2.5.3.2 Die rol van die man in die onderwys

Die opvoeding en geestelike instelling van die kind wat gelyktydig en onlosmaakbaar verweef is met die eistellende ontwikkeling op alle gebiede, stel besondere eise aan die opvoeder. "Die opvoeder wat sy opvoeding grondves op die Woord wat ewig is, sal noodwendig in alle eeue - ook in die atoomeeu - 'n eiesoortige mens wil vorm: 'n mens wat God vrees en eer wat biddend die geloof in God deur Christus begeer, maar ook mens tussen mense op aarde toegerus tot alle goeie werke" (Preller, 1969, p. 307). So 'n opvoeder is geroepe (kyk paragraaf 2.2.5.1) om die taak van opvoeding en onderwys op oordeelkundige en ewewigtige wyse te laat tred hou met die kennisuitbreiding, tegnologiese ontwikkeling en die eise wat die lewe stel. Dit is die beste manier om die geskikste inhoud, metodes en organisasie te vind om die kind se ervaring te verryk sodat gunstige omstandighede vir die bevordering van sy vorming en goeie werke geskep word (Preller, 1969, p. 307).

In die brandpunt van die skoollewe staan die onderwyser; van hom hang in 'n hoë mate af die kwaliteit van die skool. Van die baie invloede wat voortdurend op die kind inwerk en tot die vorming van sy karakter bydra, is die onderwyser maar net een element, dog nietemin 'n faktor van onberekenbare belangrikheid. Hy is willens en wetens, bewus en onbewus, opsetlik en planmatig besig om aandag te wy aan die karaktervorming van die kind. Wat meer is, daar word na hom opgesien,

en hy is bewus dat die kind in hom soek wat goed en reg is en van wat behoort te wees (Gunter, 1961, p. 359-360). Die persoon wat hy is, die rol wat hy speel, die voorbeeld wat hy stel, die lewe wat hy voer, is 'n magtige faktor in die karaktervorming van die kind. Hy is opvoeder, nie na gelang van dit wat hy ken nie, maar deur dit wat hy is. "Niet de rol wij spelen, niet het masker dat wij dragen, maar de mens die wij zijn, heeft opvoedende kracht" (Van Praag, 1950, p. 48).

Die kind het dringende behoefte aan onderwyser-opvoeders wat nie net oor die nodige kennis beskik nie, maar wat daarbenewens ook 'n vaste karakter en lewensopvatting het. Dit is elke geroepe onderwyser se plig om die beste en edelste wat hy ken aan die kind oor te dra en ten toon te stel met die doel om die kind te lei tot volwassenheid (Gunter, 1961, p. 362-363). Die onderwyser wat nie net 'n oordraer van kennis wil wees nie, maar ook wil help bou aan die karakter van die jeug, moet weet hoe om te leef en te laat leef; hy moet 'n leier van die jeug wees; hy moet hulle kan besiel, daarom moet hy self oortuig en besield wees om sy roeping te vervul.

Omdat 'n kind self iemand wil wees, is hy gedurig op soek na 'n volwassene soos wie hy kan word. Om 'n volwassene te hê met wie hy hom kan identifiseer, is een van die grondigste node in die lewe van die kind. Hierdie identifikasiefiguur is gewoonlik iemand wat gesag kan handhaaf, sonder huiwering keuses doen, korrek optree, vertroue inboesem en bowe alles, iemand om lief te hê en by wie hy geborge voel. So is daar in die huisgesin 'n ontwyfelbare identifikasie op te merk van die kinders met hulle ouers en in die skool tussen kinders en hulle onderwysers. Hierdie faktor van identifikasie is van soveel betekenis dat dit die kind se lewensmodus en lewensstyl ingrypend kan beïnvloed. (Van der Stoep & Van der Stoep, 1968, p. 332).

Die opvoeder wat die opvoedeling begelei moet 'n baie duidelike beeld vertoon van die volwassenheid waarheen hy met die opvoedeling op pad is, want die opvoedeling het nood aan volwassenes wat volwassenheid verbeeld (Van Zyl, 1973, p. 211). Die onderwyser staan in die kindêre wêreld as volwassene en onderrig hulle en verwag dat hulle sal leer om die vormsisteme en lewensinhoud van die kultuure wêreld as die wêreld van die volwassene te ontsluit. Hy help die nie-volwassene deur middel van formele onderwys daartoe, spoor hom aan tot selfstandigwording, tot toenemende verantwoordelikwording met betrekking tot die natuur, sy medemens en bovenal tot God. Om hieraan te beantwoord moet die onderwyser die kind ken, meer nog, hy moet ook die volwassenheid ken, 'n wedersydse vertroue tot stand bring op so 'n wyse dat sy leerlinge agting vir hom sal hê (Van Zyl, 1973, p. 321-325). Dit is ook te begreep dat die aanvaarding deur die onderwyser van die kind baie noodsaaklik is vir

die ontmoeting tussen hulle. Die feit dat die kind 'n wordende persoon is, dui nie daarop dat die kind 'n minderwaardige of onvolledige persoon is nie. Die opvoeder moet dus die kind telkens behandel as waardige persoon en medeskepse. Die onderwyser moet dus doelbewus na die kind se wêreld soek om die ontmoeting so vrugbaar as moontlik te laat verloop sodat die kind heelhartig en met inspirasie aan die leerhandel sal deelneem (Van der Stoep & van der Stoep, 1968, p. 190). Hy moet verder die persoonlikheid-in-wording van elke leerling respekteer, want as dit oorheers of onderdruk word, word die kind se waarde en waardigheid as persoon misken; word die verhouding tussen hulle vertroebel en is opvoeding feitlik onmoontlik, want vir ware opvoeding is 'n atmosfeer van wedersydse agting en vertroue tussen onderwyser en leerling 'n vereiste. Dit is belangrik dat die onderwyser die kind as persoon moet respekteer en behandel, vertroue in sy opvoedbaarheid moet hê, hom moet aanspoor om die sluimerende moontlikhede in hom te verwirklik en vir hom moet wys dat hy glo dat hy hierin sal slaag. Net so belangrik is dit dat die kind vertroue in die onderwyser moet hê, want dit is die sleutel wat aan die onderwyser toegang tot die hart van die kind verleen. Dit is die enigste manier waarop die onderwyser die kind waarlik kan leer ken en verstaan. Eers wanneer die leerling se vertroue gewen is, aanvaar hy sy onderwyser as leermeester en leier wat vir hom die pad aanwys en volg hy hierdie pad met vaste tred. Die beste onderwyser is hý wat sy leerlinge kan motiveer om hulle vrywillig aan opvoeding en onderwys te onderwerp. Alle kinders soek na liefde en sekuriteit en as die onderwyser ook dit kan bied, is sy taak as opvoeder soveel makliker (Gunter, 1961, p. 356-357).

Die kind is 'n baie goeie waarnemer en kom gou agter of die onderwyser, die beeldraer van volwassenheid, dit is wat hy voorgee om te wees. Die ontdekking van 'n onwaarheid sal daartoe lei dat die kind die opvoeder verwerp. As die kind egter bereid is om hom te identifiseer met die onderwyser, het hy baie bereik, want daardie eienskappe van die onderwyser wat die kind beïndruk, is van blywende aard (Oosterbaan, 1964, p. 77).

Sonder die besef van sy verantwoordelikheid kan die opvoeder nie blywende sukses in die opvoeding en onderwys van die kind behaal nie. "Maar nu is het zó, dat deze verantwoordelijkheid alleen maar gerealiseerd kan worden in de wet van de liefde" (Waterink, 1951, p. 88). Indien die opvoeder hom nie aangetrokke voel tot die kind wat hy moet opvoed nie, kom daar nie veel van sy opvoedingswerk tereg nie, want sonder liefde kan hy die kind nie verstaan nie en beskik hy ook nie oor die nodige geduld nie. Waar die liefde in die opvoedende onderwys ontbreek verander die uitoefening van gesag in dwang, want die opvoedingsgesag is onlosmaak-

baar aan eie gehoorsaamheid en aan liefde gekoppel en op die kind se belange gerig. Hierdie opvoedingsgesag mag nooit die kind se vryheid bedreig nie, maar wil dit juis waarborg. Hierdie gesag trek beskermende grense en namate die kind sy keuse uit verskillende moontlikhede gedoen het en aan die gekose waardes gehoorsaamheid betoon, sodat sy lewe rigting kry, verdwyn die nodigheid vir gesagsgrense wat deur die opvoeder gestel word. Die kind staan dan al hoe meer onder die gesag van die waardes wat hyself gekies het om te gehoorsaam, uiterlike gesag raak dan oorbodig en innerlike gesag tree op die voorgrond (Pistorius, 1971, p. 25). Namate die opvoeding vorder, sal die eie wesenskenmerke van die kind duideliker na vore tree en die aandeel van die opvoeder vervaag. Die kind het 'n eie wil om homself te vorm tot dit wat hy is en wil wees, 'n unieke wese, en raak al hoe meer los van die opvoeder (Oosterbaan, 1964, p. 52).

Ons lewe vandag in die eeu van vernuwings, met 'n dolle vaart snel ons voort, nie bloot fisies nie, maar op haas elke lewensterrein. Fondamente wat eens vas was, begin wankel onder die strome van vernuwing wat daarteen aanspoel (Schutte, 1975, p. 1). Die kumulatiewe invloed van al die strominge in die samelewing op die jeug kan nie anders as ingrypend wees nie. Die jeug weerspieël die mentaliteit van die samelewing waarin hulle gehuisves is, en dit beliggaam die problematiek van die wêreld wat deur volwassenes geskep is. Die probleem van die jeug is dus die probleem van die moderne samelewing en daarom is dit die taak van die volwassene om, in plaas van afbrekende kritiek, doelbewus en opbouend te poog om nuwe vastigheid, sekerheid, rigting en geloof aan die kind te besorg en die aangewese middel hiertoe is die opvoeding (Preller, 1960, p. 16) en dit is grootliks in die hand van die onderwyser.

2.2.5.3.3 Die behoefte aan 'n manbeeld in die onderwys

Die grootste nood by elke kind is die behoefte aan opvoeding. Die primêre taak van die onderwyser is die onderwysing van die kind en jeugdige wat behels die verwerwing van kennis en aanleer van vaardighede in die didaktiese situasie. Hiervoor is dit nodig dat die pedagoog as ondersoeker die kind en jeugdige in 'n totaliteit van menswees en mensword moet bekijk. Wanneer daar besin word oor die kind en jeugdige moet dit beklemtoon word dat elke kind as mens gebore word met 'n eie unieke aard en probleme. Hy is 'n sedelike wese, maar nog nie sedelik selfstandig nie. Hy moet deur opvoeding en onderwys hiertoe gelei word sodat sy aangebore moontlikhede ten beste verwerklik kan word (Joubert, 1969, p. 11).

Met sy toetrede tot die skool sal enige leemtes in die gesinsopvoeding, veral in die leersituasie, voelbaar wees. Dit is belangrik dat die onderwyser dit moet ontdek met die oog op heropvoeding en steungewing as poging om te help met die aanvulling van sy tekortkominge.

Veral die seun het behoefte aan geleentheid tot eksplorاسie van sy wêreld en dit is die vader en onderwyser wat hom hierdie geleentheid moet bied. Seuns by wie n liggaamlike gestremdheid voorkom, vind dit moeilik om na wense te kan meedoen en eksplloreer. By hulle ontstaan dikwels die gevoel van ontoereikendheid en frustrasie. Gevolglik stel hulle baie hoër eise aan die opvoeder. Namate die seun ouer word, tree verinnerliking in, veral gedurende die puberteitstadium. Die puber het n soeke na homself, maar beseft dat hy uit homself nie helderheid oor homself kan kry nie en wend hom tot ander mense om steun in sy soeke. Die seun het dan sterk behoefte aan n manlike identifikasiefiguur. Hy moet immers self n man word en kan hom nie met n vrou identifiseer in sy op-pad-wees na manlikheid nie (Langeveld, 1963, p. 44). Die adolessent soek visie en perspektief om sigselfswil en 'n eie persoonlike stellinginname. Hy ervaar n sterk gevoel na vryheid om self keuse uit te oefen. Dit impliseer egter nie losbandigheid nie, maar gesagsaanvaarding en verantwoordelike selfhandeling (Joubert, 1969, p. 12). Die seun het behoefte aan simpatieke gesagsleiding van n vader en onderwyser. Die seuns het bepaald behoefte aan gelowige opvoeders wat deur voorbeeld en daad self bereid is tot diens en veral diens aan hulle wat in nood verkeer.

Die veranderende omstandighede het n uiters belangrike uitwerking op die gesinslewe gehad. Die vader van vandag beoefen nie meer sy beroep tuis nie, maar in die meeste gevalle weg van die huis. Dit het tot gevolg dat die moderne kind se emosionele band met die vader aansienlik swakker is as wat vroeër jare die geval was, omdat hy nie geleentheid kry om hierdie band heg te vorm nie. Die siening en begrip wat die kind van die vader as persoon het, het ernstig verswak en die geslagsrol van die vader is vir hom vaag. Verder is die seun se kennis en idee van die vader se beroepsrol ook baie beperk. Waar die vader meestal in n kantoor, fabriek, lesingsaal, operasiesaal, of waar ookal, sy brood verdien, is dit vir die jong kind moeilik om hom voor te stel wat sy vader doen, omdat hy geen verwysingsraamwerk of agtergrondkennis het waarmee hy sy vader se beroep kan vergelyk of waardeer hy hom daarin kan inleef in sy verbeelding nie (Ostrovsky, 1962, p. 17-18; Pistorius, 1971, p. 69).

Die gevolg hiervan is dat die jong kind sterk behoefte het aan die teenwoordigheid

van manlike volwassenes wat hierdie leemtes kan vul. So is daar gevind dat jong kinders terugval op die idealisering van die beroepsrolle van die vullis= verwyderaar, die melkman, die polisieman, die posbode en ander manlike persone wat hy darem bedags sien (De Vos, 1969, p. 15). n Verdere gevolg van die beperkte teenwoordigheid van die vader in die huis, is dat die kind veel meer as voorheen op die moeder aangewese is vir die vervulling van sy gewone daaglikse behoeftes. Die moeder moes noodgedwonge die gesagslugleegte vul en met die vervrouliking van die skool neem hierdie gesagsverskuiwing in omvang toe. Veral vir die seun wat hom met n manlike volwassene moet identifiseer, is dit n haglike toestand as die gesagsfigure met wie hy die meeste in aanraking kom, dames is. Die enkele navolgbare gesagspersoon neig hiermee om te verdwyn en die seun het nie n helder beeld van die volwasse man wat hy moet word nie. Net die vader kan die seun oplei vir die manlike rol in die samelewing en terself= dertyd moet hy vir sy opgroeiende dogter die patroon van manlikheid verbeeld, want sy het dit as teëpoel nodig om haar vroulikheid te ontvou (Pistorius, 1971, p. 67-68). Namate die vader as identifikasie-, en in n sekere mate as heldefiguur, afgetakel word, hou die pers, radio en televisie en die rolprent helde aan die jeug voor wat die konkretisering van valse norme is.

In Transvaalse primêre skole is die personeellede hoofsaaklik dames, nl. 79,6% (Du Toit, 1977, p. 3). Meer manlike onderwysers by die primêre skole sal help om die kind te laat kennis maak met die rol van die man in die gemeenskap. Hulle sal ook dien as modelle vir die seun om die geslagsrol van die man uit te beeld. Navorsers waarsku dat leerlinge vandag te veel onder die invloed van onderwyseresse is en gevolglik geneig is om te konformeer tot die vroulike bena= dering van leertake en optrede in die skool. Onderwysdeskundiges wys daarop dat n opvoedingsmilieu met n gebrek aan manlike gesag, n manlike uitdagingskarak= ter en n eisstellende program nie reg laat geskied aan seuns oor die algemeen en groter seuns in die besonder nie (Kotzee, 1973, p. 9). Die gevolg is "... the feminized male, one whose normal male impulses are suppressed or mis= shapen by overexposure to feminine norms" (Johnson, 1970, p. 144).

Opvoedende onderwys is begeleiding tot volwassenheid. Om hierin te slaag, kan n skool nie slegs "... vaderlikoutoritér met n manlike uitdagingskarakter ge= rig wees nie - maar dit moet ook die uitnodigingskarakter van n geborgenheid= sfeer en tuiste hê, waar elke leerling die geleentheid kry om self die iemand te word aan die hand van die voorbeeld van manlik en vroulik wat voorgeskets word" (Kotzee, 1973, p. 9). Die onderwyser moet ook die manlike vir die dogter verbeeld en sonder mans kan die primêre skool ook identifikasie- en dissipli=

nêre probleme ten opsigte van seuns ondervind, want vir 'n seun is 'n man meer die gesagsfiguur, die handhawer van dissipline.

Die onderwyser is nie net verantwoordelik vir die implementering van die leerplan, die organisasie, die skoolgereedskap en leermiddels nie, maar gee ook deur sy lewende persoonlikheid lewe en kleur aan hierdie dinge. Dit is hy wat vorm gee, rigting aandui, gestalte gee en bo alles, beïnvloed en inspireer in die opvoedingshandeling. Lank nadat die verworwe feite dikwels vervaag het, leef die beïnvloeding en inspirasie wat deur die onderwyser geopenbaar is nog voort. "Wie kan die omvang en diepte bepaal van die invloed wat uitgaan van die bekwame, toegewyde, inspirerende en geroepe onderwyser wat die eerbied, respek en toegeneentheid van sy leerlinge verwerf het en wat waarlik kontak met hulle gemaak het?" (Van Loggerenberg, 1972, p. 9). Die onderwyser bevredig die sielkundige behoefte van die seun aan 'n leier wat hy kan volg en vereer en wat aan hom groter sekerheid kan bied.

'n Sprekende voorbeeld van hierdie waarheid kom van Sy Edele die Minister van Nasionale Opvoeding, dr. P. G. J. Koornhof toe hy in sy openingsrede van die 75ste Algemene vergadering van die Transvaalse Onderwysersvereniging na een van sy onderwysers verwys het. "'Ou Pieta, daar is iets met jou verkeerd, wat is dit?' Ek het, my ouers was ver, my hart teenoor hom ooggemaak, hy het my wonderlike woorde toegevoeg en sy arms weer om my skouers geslaan en gesê: 'Ou Pieta gaan vanmiddag en speel soos jy nog nooit tevore gespeel het nie'. Dit was my voorreg om die wendrie daardie middag vir my skool te gedruk het. Min mense het geweet wat daaragter gesit het, maar 'n onderwyser wat begrip gehad het vir 'n kind wat hy geken het, was meer as die kennis wat hy in my geprop het, was meer as enige belangrike ding wat in my skoolloopbaan gebeur het" (Koornhof, 1976, p. 16). In sy geestelike ontwikkeling het die kind behoefte aan 'n persoon wat met hom saamlewe, saamdink, saamvoel, saamwil en saamdoen. Die persoonlike invloed van die onderwyser is soms waardevoller as die verwerwing van kennis en wetenskap (Van Loggerenberg, 1972, p. 9).

Daar skuil twee belangrike gevare in die verdwyning van die onderwyser uit die onderwys. Die sekondêre leerling, veral die seun, het behoefte aan 'n sterk manlike hand om hom te lei en met wie hy hom kan identifiseer. Daar is opvoedkundiges en sosioloë wat die mate van verwyfdheid wat by jongseuns aangetref word, toeskryf aan die gebrek aan genoegsame identifikaasiefigure in die kinder- en puberteitsjare (Van Loggerenberg, 1972, p. 9).

Die man en die vrou leef en bevind hulle op byna alle terreine saam in die wêreld en dit is goed vir die kind om waar te neem hoe dit gedoen word. Ook die skool moet hierdie leefwêreld van die volwassene aan die kind vertoon " ... to learn those behaviours which will help them to survive in the adult world" (Whittemore, 1973, p. 317). Die beste sukses kan behaal word as die skool die kind soveel as moontlik geleenthede bied waar hy met alle soorte mense en situasies te doen kry " ...from the super he-man coach to the gentle, kind, man teacher, just as they are apt to meet the full range of female personalities" (Whittemore, 1973, p. 317).

Onder die huidige sosiale omstandighede is dogters dikwels so gekondisioneer dat hulle mans wantrou of selfs vir hulle bang is. "The importance of having men teachers for girls to use as a contrast to the roles girls must learn to play also evident - though, unfortunately, often overlooked" (Johnston, 1970, p. 145). Dit dui alles op die behoefte daaraan dat die teenwoordigheid van onderwysers van albei geslagte vir die normale ontwikkeling van jong kinders, seuns sowel as dogters, nodig is.

Die ongeskrewe wet dat dames die aangewese persone is om in die grade en junior klasse onderwys te gee " ... is based on antiquated prejudice, vague intentions and is plain nonsense" (Laurita, 1966, p. 21). 'n Argument ten gunste van die stelling dat die manlikheid van die onderwyser in gedrang kom, want onderwys in die junior primêre skool word gesien as 'n beroep vir vroue. In die aanvangs-onderwys handhaaf die vrou dan dissipline, oefen sy gesag uit en staan sy aan die stuur van sake juis op die ouderdom waar kinders die meeste beïnvloedbaar is. Die skade wat die seun se ego en selfbegrip as gevolg hiervan opdoen, is onberekenbaar (Laurita, 1966, p. 21-22). Kinders is bekend daarvoor dat hulle hulle onderwysers naboots, veral onderwysers van dieselfde geslag. "The female teacher, who in seventeen out of twenty instances delivers the institutional message to the boy, is not viewed as an appropriate model for imitation" (Lee, 1973, p. 85). Onnodig om te sê dat hierdie toestand by die seun aanleiding gee tot verwarring in sy op-pad-wees na volwassenheid. Onderwyseresse gee ook voorkeur aan gedragspatrone wat eie is aan die vrou, en die seuns moet noodgedwonge hiermee verlies neem. Onderwyseresse voel dikwels meer aangetrokke tot dogters as tot seuns en dit bevoordeel die dogters, sodat die seuns 'n sekere mate van immuniteit teen die beïnvloeding van die onderwyseres ontwikkel. Konfliktsituasies ontstaan tussen seun en onderwyseres en die sosialisering van die seun ly skade. Die ondoelmatigheid van die onderwyseres ondermyn haar pogings in die algemeen en bring mee dat seuns haar sosialiseringspogings minag of verwerp. Die ondervinding van

skoolgaan is dus vir die seun n groter spannings- en konflikbelade ervaring as vir die dogter. Soos die jare verbysnel, kan hierdie negatiewe ondervinding van die samelewing se instrument, die skool, wat die kind moet lei tot volwassenheid, n nadelige effek op die seun se vermoë hê om homself te evalueer (Davidson & Lang, 1960, p. 90-97).

Die normale aggressiwiteit van seuns het tot gevolg dat hulle meer deur die onderwyseresse gestraf word, terwyl die dogters daarteenoor meer geloof word vir hulle bestendigheid op baie terreine en die goedkeuring van die onderwyseresse wegdra. "Boys are often trapped into a cycle of punishment, resistance, and further punishment, while girls commonly are seduced, through rewards, into increasing co-operation with the system" (Davidson & Lang, 1960, p. 97). Beskikbare gegewens dui daarop dat die optrede van mans by die laer klasse beduidend anders is as dié van dames en kan verwag word dat hulle die algemene gespannenheid wat by seuns voorkom kan verminder, omdat hulle meer verdraagsaam is en manlike aktiwiteite bevorder. Nog n nadeel van te min mans in die primêre skool is dat "The female character of the school stands in direct contrast to the strident masculine culture in which the boys live outside the school" (Laurita, 1966, p. 22).

Een van die redes vir die toename in jeugmisdaad onder seuns gedurende die jongste twee dekades kan dikwels so ver teruggespoor word na die aanvangsjaar op skool " ... where the kind of men boys should model themselves often have been nonexistent" (Vario, 1969, p. 223). Op soek na n manbeeld in die seun se vroeë adolensensie periode word televisiekarakters, filmsterre en misdadigers soms hulle helde en beland hulle soms op straat tussen bendes en word hulle dwelmverslaafdes.

Uit voorgaande betoog is dit duidelik dat die onderwyssituasie n gewenste verhouding van mans tot dames veronderstel. Hierdie verhouding is klaarblyklik nog nooit kwantitatief bepaal nie, maar n ondersoek wat in 1960 deur die Onderwysburo van die Transvaalse Onderwysdepartement uitgevoer is, het die gewenste verhoudings soos volg aangedui:

Primêre skool	:	Mans	:	dames	=	40	:	60;	en
Sekondêre skool	:	Mans	:	dames	=	70	:	30	(Steyn, 1975, p. 5).

Toe bogenoemde ondersoek uitgevoer is (1960), was die verhouding respektiewelik M : D = 32,3 : 67,7 in die primêre skole en in sekondêre skole M : D = 58,8 : 41,2 (Kotzee, 1973, p. 10).

Die huidige verhoudings is:

Primêre skole : M : D = 20,4 : 79,6

Sekondêre skole : M : D = 45 : 55 (Du Toit, 1977, p. 3)

Hierdie sorgwekkende toestand spreek vir homself en het die afgelope twee dekades en meer, met die medewete van die owerheid ontstaan, want die statistiek was beskikbaar. Die verdwyning van die man uit die onderwys is ooglopend toegelaat en op hierdie laat stadium (1978) kon die owerheid nog nie daarin slaag om die rekrutering van mansstudente noemenswaardig te bevorder of die wegvloei van die man uit die onderwys te verhoed nie.

2.3 SAMEVATTING

Uit voorgaande blyk dit dat opvoeding en onderwys die belangrikste taak van ouer en onderwyser is, omdat die kind wat hier die sentrale figuur is nie by magte is om sonder hulp volwassenheid te bereik nie. Die skool moet die huis aanvul.

In die gekompliseerde en gejaagde moderne lewe is die vader min tuis en die opvoeding van die kind word hoofsaaklik deur die moeder waargeneem. Waar die gebrek aan vaderlike opvoeding by die huis ontbreek, word hierdie verskynsel juis by die skool versterk vanweë die gebrek aan manspersoneel (kyk paragraaf 2.2.5.3.3). Daar moet meer mans in die onderwys wees wat as plaasvervangers van die vader as identifikasie- en gesagsfiguur kan dien.

Die opvoedingsmilieu van tans, met sy gebrek aan vaderlike gesag, manlike uitdagingsskarakter en eisstellende program kan nouliks reg laat geskied aan seuns, veral groter seuns. Selfs die dogter ly skade, want die vader en die onderwyser moet ook vir die opgroeiende dogter manlikheid vergestalt, want sy het dit as teëpool nodig sodat haar vroulikheid kan ontvou (Pistorius, 1971, p. 68).

Die voorgaande uitsprake beklemtoon die belangrike rol wat die manlike onderwyser moet vervul om die gebrekkige kontak met die vaders aan te vul, en daarom is die toenemende afwesigheid van voldoende manspersoneel aan ons primêre en sekondêre skole 'n oorsaak van diepgaande kommer vir almal wat met opvoeding en onderwys ge-moeid is.

Vervolgens word die aandag toegespits op die stand van kennis van die toetrede van onderwysers tot die onderwysberoep.